Dinsdag 8 September

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-20

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:16

God se genade is ook vir my genoeg ...

Voor Paulus se bekering was hy 'n vurige fariseër. As selfbehepte Jood het hy gereken hy kan deur wetsvervulling self iets verdien ten opsigte van sy saligheid (Fil. 3). Hy het ook die Christene vervolg en gedink dat hy daardeur vir God 'n guns bewys. Maar na sy ontmoeting met die Here Jesus op die pad na Damaskus het hy besef dat hy inderwaarheid 'n lasteraar, vervolger en geweldenaar was (1:13).

As hy skryf oor sy vroeëre lewe, dan doen hy dit nie om homself te verontskuldig nie. Hy aanvaar eerder daardeur verantwoordelikheid, berouvol verantwoordelikheid, daarvoor. *Hy besef dat enige menslike ywer en inspanning – veral om deur wetsonderhouding iets te presteer – tot volslae mislukking gedoem is. Die (ewige) Woord van God moes (swakke) vlees word (Joh. 1:14,) en wie deur die geloof Christus se arbeid as sy eie aanvaar, is vrygekoop van die mag van die sonde en is dus gered.*

Die groot bevryding is dat iemand soos hy genade kon verkry en werklik 'n kind van God kan wees. Meer nog: God het hom ook as apostel geroep om die evangelie van verlossing en genade te gaan verkondig. Paulus kon deur die geloof ervaar hoedat Hebreërs 10:14, 17 in sy lewe neerslag vind, as daar gesê word: *"Deur die één offer het Hy (d.i. Jesus) dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vrygemaak."* Vers 17 sê: *"Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie."*

Paulus het genade ontvang en is gered. En al het Paulus voor sy bekering die verskriklikste dinge gedoen het God hom tog wonderlik gebruik na sy bekering. Hy kon as apostel groot werk doen in God se koninkryk, deur nie net die evangelie te verkondig nie, maar ook om 'n hele aantal briewe aan individue en gemeentes te skryf.

'n Mens leer uit hierdie geskiedenis dat dit vir geen gelowige nodig is om 'n skuldige gewete oor sy verlede te hê nie. Nader in ootmoed tot die Here. En weet, waar Hy vergewe het, dink Hy nie meer aan daardie sondes nie. Jy kan ook bruikbaar vir God wees. Jy kan onder andere, nee, jy het as gelowige alle rede om van God se genade te getuig. Genade wat ook vir jou genoeg is!

*Sing: Psalm 103-1:7, 11*

*Ds. AB (Braam) van der Walt (Emeritus)*